VADERLAND ★ Donderdag, 24 Augustus 1961.

ENIGSTE KIND (2 jr.) VERDRINK IN SWEMBAD

Was ouers se enigste



HENDRIK JAROSZYNSKI van Dunkeld, Johannesburg, wat vanoggend in die private swembad by sy ouerhuis verdrink het. Daar is langer as 'n uur vergeefs kunsmatige asemhaling op hom toegepas.

(Misdaadverslaggewer)

TWEE geneeshere, vier ambulansmanne, 'n brandweer-offisier en twee brandweermanne het vanoggend vergeefs kunsmatige asemhaling toegepas op 'n tweejarige seuntjie van Dunkeld wat in die private swembad by sy ouerhuis verdrink het. Een van die geneeshere is ingeroep om 'n noodoperasie uit te voer om die kind se hart te masseer, dog die seuntjie was reeds dood toe hy daar aankom.

Hendrik Jaroszynski, seuntjie van mnr. en mev. K. Jaroszynski, van Eastwoodweg, Dunkeld, het vanoggend in die private swembad — wat ongeveer ses voet diep is — geval. Alle pogings om hom weer te laat asemhaal het misluk. Daar is langer as 'n uur kunsmatige asemhaling en suurstofbehandeling toegepas.

'n Besoeker uit Rhodesië en 'n huisvriend van die gesin was in die kombuis toe hy iets op die water gewaar.

Hy het aanvanklik gedink dit is 'n kan, maar toe hy sien dat dit klein Hendrik is, het hy hom na buite gehaas en met klere en al in die water gespring om die kind uit te haal.

Hendrik was die enigste kind van mnr. en mev. Jaroszynski.



Rand Daily Mail 25.8.61

GAP LEADS BABY BOY TO DEATH

This 22-month-old boy, Henrik Benedikt Jaroszynski, drowned in the swimming pool at his home in Eastwood Road, Dunkeld, Johannesburg, yesterday.

Henrik, youngest of the four children of Mr. and T. Jaroszynski, apparently crawled through a gap underneath a fence round the pool.